Derde Paassondag

kruiskerk.co.za

18 April 2021 10:30

In isolasie tydens nasionale staat van inperking

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Op die pad na Emmaus en ander plekke

Skriflesing: Lukas 24:13-35

Broodjies vir die pad

"Indeed, that is the charm about Christ, when all is said: he is just like a work of art. He does not really teach one anything, but by being brought into his presence one becomes something. And everybody is predestined to his presence. Once at least in his life each man walks with Christ to Emmaus."
— Wilde Oscar, De Profundis

"I believe that whether we recognize him or not, or believe in him or not, or even know his name, again and again he comes and walks a little way with us along whatever road we're following. And I believe that through something that happens to us, or something we see, or somebody we know--who can ever guess how or when or where?--he offers us, the way he did at Emmaus, the bread of life, offers us new hope, a new vision of light that not even the dark world can overcome."
— Frederick Buechner, Secrets in the Dark: A Life in Sermons

"No one can give a definition of the soul. But we know what it feels like. The soul is the sense of something higher than ourselves, something that stirs in us thoughts, hopes, and aspirations which go out to the world of goodness, truth and beauty. The soul is a burning desire to breathe in this world of light and never to lose it--to remain children of light."
— Albert Schweitzer

"Every resurrection story seems to strongly affirm an ambiguous—yet certain—presence in very ordinary settings, like walking on the road to Emmaus with a stranger, roasting fish on the beach, or what appeared like a gardener to the Magdalene"
— Richard Rohr, The Universal Christ: How a Forgotten Reality Can Change Everything We See, Hope For and Believe

"There is neither happiness nor misery in the world; there is only the comparison of one state with another, nothing more. He who has felt the deepest grief is best able to experience supreme happiness. We must have felt what it is to die, Morrel, that we may appreciate the enjoyments of life.
" Live, then, and be happy, beloved children of my heart, and never forget, that until the day God will deign to reveal the future to man, all human wisdom is contained in these two words, 'Wait and Hope."
— Alexandre Dumas

"We must accept finite disappointment, but never lose infinite hope."
— Martin Luther King Jr.

"I am one of the searchers. There are, I believe, millions of us. We are not unhappy, but neither are we really content. We continue to explore life, hoping to uncover its ultimate secret. We continue to explore ourselves, hoping to understand. We like to walk along the beach, we are drawn by the ocean, taken by its power, its unceasing motion, its mystery and unspeakable beauty. We like forests and mountains, deserts and hidden rivers, and the lonely cities as well. Our sadness is as much a part of our lives as is our laughter. To share our sadness with one we love is perhaps as great a joy as we can know - unless it be to share our laughter.
We searchers are ambitious only for life itself, for everything beautiful it can provide. Most of all we love and want to be loved. We want to live in a relationship that will not impede our wandering, nor prevent our search, nor lock us in prison walls; that will take us for what little we have to give. We do not want to prove ourselves to another or compete for love.

For wanderers, dreamers, and lovers, for lonely men and women who dare to ask of life everything good and beautiful. It is for those who are too gentle to live among wolves."
— James Kavanaugh, There Are Men Too Gentle to Live Among Wolves

"For millions of years, mankind lived just like the animals. Then something happened which unleashed the power of our imagination. We learned to talk and we learned to listen. Speech has allowed the communication of ideas, enabling human beings to work together to build the impossible. Mankind's greatest achievements have come about by talking, and its greatest failures by not talking. It doesn't have to be like this. Our greatest hopes could become reality in the future. With the technology at our disposal, the possibilities are unbounded. All we need to do is make sure we keep talking."
— Stephen Hawking

"Whether one is rich or poor, educated or illiterate, religious or nonbelieving, man or woman, black, white, or brown, we are all the same. Physically, emotionally, and mentally, we are all equal. We all share basic needs for food, shelter, safety, and love. We all aspire to happiness and we all shun suffering. Each of us has hopes, worries, fears, and dreams. Each of us wants the best for our family and loved ones. We all experience pain when we suffer loss and joy when we achieve what we seek. On this fundamental level, religion,

ethnicity, culture, and language make no difference."
— Dalai Lama XIV, Toward a True Kinship of Faiths: How the World's Religions Can Come Together

"No one can obtain felicity by pursuit. This explains why one of the elements of being happy is the feeling that a debt of gratitude is owed, a debt impossible to pay. Now, we do not owe gratitude to ourselves. To be conscious of gratitude is to acknowledge a gift."
— Josef Pieper, Happiness and Contemplation

Liefde: Moeilik te begryp, tog binne bereik

Wilhelm Jordaan

Die digter W.E.G. Louw het geskryf: "Ek het jou liewer as die wind of die water, / liewer as suiwer sonlig en see; / ek het jou lief met die wonderkrag / wat die hart van 'n mens aan mens kan gee . . ."

Maar wat is die "wonderkrag" wat so gegee word nou eintlik? Veral as 'n mens Franz Kafka se segging onthou: Die liefde is soos 'n draaiende spintol wat sy bekoring verloor sodra jy dit stop om te kyk hoe dit werk! Tog, dan, 'n vlugtige stoppie om te kyk hoe die diep liefde van nóú die nog dieper liefde van later kan word:

Miskien heel eerste dat liefdesmaats mekaar liefhet as mense van vlees en bloed en nie illusies oor mekaar opdroom nie. Liefde taan dikwels omdat mense vergesogte opvattings oor die "ware liefde" vertroetel – dat die geliefde sonder foute is, nooit knorrig nie, al jou behoeftes ken en vervul, al jou angste en eensaamheid wegneem en altyd goedkeur wat jy sê en doen.

Hierteenoor die gewilligheid om die geliefde steeds lief te hê, al is hy of sy onvolkome en onafgerond – miskien juis omdat jyself so onvolkome en onafgerond is.

Vir liefdesmaats is hul verhouding nie vanselfsprekend nie.

In die aanvanklike beneweling van die liefdesvuur geniet die verhouding die hoogste voorkeur en baie tyd en energie word daaraan bestee. Maar algaande is daar druk op 'n verhouding weens werkverpligtinge, woelinge in die gesinslewe, rolruilings, onversoenbare waardebeskouings en die ellende van oudword. Juis dan moet tyd en ruimte gemaak word om die verloopte magic van gister met verrassende nuwe bekoring te beklee.

Liefdesmaats vertrou mekaar ten volle. Hulle is oortuig hul omgee vir mekaar is 'n werklikheid waarop gereken kan word en dat hulle waarde heg aan die ontdekking van mekaar se ontvouende menswees. Uit dié vertroue groei eerlikheid teenoor mekaar – die gereedheid om volgens jou beste insigte en bedoelings opregte mededelings oor jouself, die ander of oor 'n saak te doen. Jou woorde is betroubaar, soos 'n kompasnaald wat noord soek en vind.

Juis daarom kan liefdesmaats mekaar se teregwysings en vermanings aanhoor én verduur, want elkeen weet wat die ander eerlik sê, soek nie eiebelang nie en is nie daarop gemik om die ander 'n opvoedkundige lessie te leer of te verneder nie.

Uit vertroue en eerlikheid vloei liefdesmaats se onvoorwaardelike agting vir mekaar. Dit maak dat hulle nie net vreugde het aan alles wat hulle deel in die kragveld van erns en lag nie, maar ook begrip het vir mekaar se andersheid – al die verrassende vreemdhede wat mens beurtelings laat lag en slange wil laat vang.

Maar bedink die liefdesding nou weer: Kafka is reg! Die liefde leef nie in paragrawe soos dié hierbo nie; ook nie in gedigte, geleerde tesisse, raadgeeboeke en verhoudingsreseppies nie.

Om 'n ander lief te hê, is belewende "wonderkrag" – moeilik om te begryp, maar binne bereik as jy jou hart daarop sit en verwonderd bly oor hoe die ding wat tol, bly tol.

Dis mos magic.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/liefde-moeilik-te-begryp-tog-binne-bereik-20210413

Brood vir die pad

In helder gebeier dra die kerkklokke ook diep geheime

RRV

In die Christelike liturgiese en literêre verbeelding speel kerkklokke 'n belangrike rol. Iets hiervan kom tot uiting in die teks van 'n bekende Afrikaanse kerklied (geskryf deur Izak de Villiers): "Hoor jy die Paasfeesklokke? / Hul lui van vroegdag af; / hul jubel oor die wêreld: / Die Heer is uit die graf!"

Dit is ook nogal onthullend om te let op die sleutelrol wat kerkklokke in sekere rolprente speel. Soos in die Deense regisseur Lars von Trier se Breaking the Waves (1996), die Hongaarse regisseur Béla Tarr se Sátántangó (1994) en die Russiese regisseur Andrei Tarkovsky se Andrei Rublev (1966). Laasgenoemde titel verwys na die Russiese ikoonskrywer wat veral bekend is vanweë sy 15de-eeuse ikoon "Die Heilige Drie-eenheid."

In Andrei Rublev is die eerste geluid wat 'n mens hoor dié van kerkklokke. En teen die einde van Tarkovsky se rolprent is daar 'n meesleurende episode onder die hofie "Die klok." Dit begin met mans wat in opdrag van 'n Russiese prins na 'n meester-klokmaker soek om 'n groot kerkklok te giet. Maar hulle vind slegs sy tienerseun, Boriska, wat hulle meedeel dat sy pa, en die res van sy familie, aan die pes dood is. Hy smeek hulle om hom saam te neem omrede sy pa die geheim van klokmaak voor sy sterwe aan hom oorgedra het.

Teësinnig stem die mans in en word die jong seun in beheer van die reuse-onderneming geplaas. Hy volg sy eie instinkte om die regte klei, silwer en ander materiaal vir die proses te vind, dikwels teenoor die raad van ander. Met slim kinematografie bou Tarkovsky die spanning op en bly die kyker wonder of die klok wel goed gemaak is. Wanneer die oomblik van toetsing uiteindelik kom, lui die klok egter perfek.

Ná die seremonie vind Andrei Rublev vir Boriska plat op die grond in die modder langs 'n houtpaal aan die snik. "My pa het nooit die geheim aan my oorgedra nie," erken hy. Die seun moes dus die geheim ontdek terwyl hy handel, die tradisie uitvind soos hy vorder.

Maar daar is ook 'n vroeëre toneel waar Boriska, nog onseker of hy gaan slaag om die klok reg te giet, help grawe aan 'n gat en 'n boomwortel vind. In 'n simbolies-gelade oomblik kyk hy op en sien hy 'n groot boom, terwyl 'n klok hoorbaar lui. En 'n duif verbyvlieg.

Wat kan herinner dat wanneer dit by kreatiewe prosesse kom – en, kan ons byvoeg, die navolging van die Opgestane Christus – ons nie alleenlik draers van die geheim is nie. Soms dra die geheim vir ons.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-in-helder-gebeier-dra-die-kerkklokke-ook-diep-geheime-20210410

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877